Hoërskool Wesvalia
WERK WAARHEID WYSHEID

Hengelreglement sedert 2018

Inhoudsopgawe

1. Doelwit 2
2. Samestelling van spanne 2
3. Deelname 2
4. Oefening 3
5. Kleredrag 3
6. Kies van spanne 3
8. Gedragsreëls 3
   8.1 Gedragskode vir spelers gedurende ‘n wedstryd: 4
   8.2 Gedragskode vir toeskouers 4
9. Kriteria vir Hengeltoekennings 4
   9.1 Lourier 5
   9.2 Erekleure 5
   9.3 Meriete 5
   9.4 Verdienste 7
10. Hengelraad 5
   10.1 Samestelling van die hengelraad 5
   10.2 Funksies van die hengelraad 5
11. Sportkode 9

   Addendum A 9
   Addendum B 10

1. Doelwit

- Om die waardering en liefde vir hengel as sport te kweek.
- Hengel as sport moet net soos ander sportsoorte in die skool bevorder word en dieselfde geleenthede gebied word.
- Die volgende hengelvaardighede van die spelers moet verbeter:verskillende soorte gooie; aas aanbieding, lees van die water en hengel toestande wedstrydtemperament en besluitneming.
- Gesonde kompetisie tussen individue en ander skole word aangemoedig, maar die genot van die spel moet voorrang geniet.
- Om dinamiese hengelspanne saam te stel op so ‘n wyse dat dit die skool se beeld uitdra.
- Alle spanne moet sportmangees, goeie gedrag en regverdigheid te alle tye laat seëvier.
- Alle spanne en afrigters moet hengelvaardighede sowel as etiek van hengel as doelwit nastreef.

2. Samestelling van spanne

Die hengelspanne van Wesvalia is oop spanne, m.a.w. dit beteken dat enige ingeskrewe leerder van Wesvalia in enige span kan speel ongeag sy/haar graad. Die spanne word volgens die uitslag van die kampioenskappe (wat gewoonlik aan die begin van die jaar plaasvind) bepaal. Die spanne neem onder andere deel aan die SentraalNoordwes-liga.

‘n Senior- en ‘n juniorspan, saamgestel uit 4 seuns / dogters, word ingeskryf vir die skole liga.

Die kies van die spanne word vervat in punt 6.

3. Deelname

Wesvalia het ten doel om soveel spanne as moontlik vir die SentraalNoordwes-skole liga in te skryf. Die deelname aan skole uitdaag sal afhang van die uitnodigings wat die skool ontvang, sowel as die bereidwilligheid van die ouers om te betaal.

Deelname sal as volg wees:

- Noordwes- liga – soveel spanne as moontlik
- Skole uitdaag: Twee kompetisies is verpligtend vir die jnr en snr spanne
- SA Match championship een span

Ander spanne moet indien moontlik blootgestel word aan ten minste een kompetisie.

Alle leerders wat Wesvalia by hengelwedstryde verteenwoordig, moet die nodige vrywaringsvorms en dokumente voltooi.

4. Oefening

Die hengelseisoen strek vanaf Februarie tot einde Oktober.

Die top agt seuns of meisies van die skool (volgens die ranglys) het een verpligte oefensessies van 60 min elk per week.

Die res van die hengelaars is welkom om die oefeninge by te woon.

5. Kleredrag

Die voorgeskrewe hengeldrag vir al die spanne, met die uitsondering van die eerste span, is as volg:

- Seuns – Wessiehemp en Wessiebroek
- Meisies – Wessiehemp en Wessieromp.
- Die eerste span se drag mag verskil van die ander spanne mits dit voldoen aan die skoolkleure, naamlik maroon,geel en wit.

Die eerstespan kwalifiseer ook om ‘stepouts’ te dra na sekere geleenthede.

Daar sal ‘n addisionele stel klere gemaak word vir die reserwe van die eerste span.

6. Kies van spanne

Alle reeds ingeskrewe leerders, wat belangstel om in ‘n hengelspan te wees, moet inskryf vir die kampioenskappe. Die kampioenskappe vind gewoonlik in januarie en Februarie plaas.

Die top agt jnr en snr hengelaars sal vir die proewe genooi word. Proewe sal dan in Maart en April plaasvind.

Spelers wat in ligaspanne ingesluit word, moet die bepaalde oefening van daardie span getrou bywoon. Indien nie, sal so ‘n speler sonder huiwering vervang word.

Spelers in ligaspanne is daartoe verbind om aan al die ligawedstryde deel te neem en kan slegs op grond van ‘n geldige mediese sertifikaat en/of amptelike reëling met die hengelorganiseerder van ‘n ligawedstryd verskoon word.

7. Gedragsreëls

Alle SAVOF- reëls moet eerbiedig word.

8.1 Gedragskode vir spelers gedurende ‘n wedstryd:

- Toon respek teenoor jou opponent.
- Hanteer ander spelers, ouers en organiseerders met respek.
- Geen misbruik van toerusting en kru taal sal geduld word nie.
- Hou by alle reëls van hengel en van die fasiliteit.
- Hengelaars mag nie die hengelarea gedurende ‘n wedstryd verlaat sonder die toestemming van die hengelorganiseerder/afrigters nie.
- Hengelaars word nie toegelaat om onwelvoeglike taal te gebruik nie.
- Hengelaars mag nie enige gebaretaal/vingertekens van enige aard, wat onwelvoeglik gebruik nie.
- Hengelaars mag nie gedurende ‘n wedstryd afrigting, toerusting of aas ontvang van toeskouers of ouers nie.
- Henglaars moet te alle tye goeie sportmangees openbaar.
- Hengelaars moet te alle tye die gesag van die hengelorganiseerders en afrigters aanvaar.
- Hengelaars moet die regte van die opponente, toeskouers en ander respekteer.

8.2 Gedragskode vir toeskouers

- Geen toeskouers word in die hengelarea toegelaat nie.
- Toeskouers mag nie gedurende die wedstryde skree of negatiewe kommentaar lewer nie.
- Toeskouers mag nie krutaal of vloekwoorde gedurende ‘n wedstryd gebruik nie.
- Toeskouers mag nie inmeng tydens weeg sessie nie.
- Geen afrigting mag tydens wedstryde plaasvind nie. Soos reeds genoem, enige vorm van kommunikasie hoorbaar of sigbaar tussen spelers en sy ouers/afrigter, kan as afrigting beskou word.
- Positiewe kommentaar mag gelewer word. Postitiewe motivering is aanvaarbaar.
- Toeskouers mag hande klap vir beide spelers.
- Toeskouers mag geen alcohol gebruik tydens die verloop van die kompetisie nie. (indien die reël oortree word sal die persone gevra word om die area te verlaat).

9. Kriteria vir Hengeltoekennings

Om te kwalifiseer vir enige van ondergenoemde toekennings geld die volgende voorwaardes:

Elke leerder moet 80% van die verpligte oefeninge, soos na verwys in par 4, bywoon.

Elke leerder wat kwalifiseer vir ‘n toekenning,moet 80% van die ligawedstryde hengel. Die toekennings word gemaak nadat die organiseerder in oorlegpleging met die hengelraad goedkeuring aan die toekennings verleen het.

9.1 Lourier

- Toegeken aan ‘n leerder wat ‘n uitstaande of buitengewone prestasie behaal het op nasionale vlak, wat deur die komitee goedgekeur is. (Lid van Suid-Afrikaanse span, lid van Proteaspan.)

9.2 Erekleure

- Hengelaars wat verkies is tot die SentraalNoordwes- jnr.span
- Hengelaars wat lid is van die span wat die SA match gewen het
- Uitsonderlike prestaie, hengelaar wat as victor lodorum by die SA’s aangewys word
- Hengelaars wat hul ,provinsie op die All TVL verteenwoordig
- Hengelaars wat hul provinsie op die SAVOF spele verteenwoordig
- Hengelaars wat deel is van ‘n span wat SA schools champ of champions gewen het.

9.3 Meriete

- Hengelaar wat drie jaar of meer lid is van die eerste span.
- Hengelaar wat deel is van die span wat ‘n silwer of brons medalje wen op die “SA Schools champ of champions”
- Hengelaars wat die provinsie op die SA Matc verteenwoordig het.

10.Hengelraad

10.1 Samestelling van die hengelraad

- Voorsitter
- Ondervoorsitter
- Skakeling en afrigting
- Sekretaresse en tesourier
- Tegniese beampte

10.2 Funksies van die hengelraad

- Om sport te bevorder onder die skoolleerders
- Om die hengelreglement soos deur die BL goedgekeur, toe te pas.

- Tree op as tussenganger tussen hengelaars, ouers en die skool se BL en onderwysers
- Om terugvoer te gee aan die skool se BL oor sake wat hanteer is.
- Om toe te sien dat die hengelaars die nodige blootstelling aan hengelwedstryde en toernooie kry.

Hoërskool Wesvalia

SPORTKODE

VIR LEERDERS, AFRIGTERS EN OUERS

Gelukkige Sportmanne en -meisies is ons passie

Die atmosfeer waarin sport afgerig en gespeel word, word deur elkeen bepaal wat daarby betrokke is. Onderlinge respek, ondersteuning en verdraagsaamheid is die boustene van 'n positiewe ervaring van sport as deel van leerders se ontwikkeling.

As teken van elke betrokkene se totale verbintenis tot die uitbouing van WESVALIA Sport en elke sportman en -meisie se ervaring daarvan onderneem die ondergetekende daarom die volgende:

LEERDERS:

1. Totale toegewydheid tot die dissipline waaraan hy/sy homself verbind het.
2. Om oefeninge altyd stiptelik by te woon;
3. Om alles te gee tydens oefeninge en wedstryde omdat elkeen se aksies - of gebrek daaraan my mede spelers beïnvloed.
4. Om indien ek die dag afwesig was van skool, nie by oefeninge toegelaat sal word nie en ook nie om aan wedstryde deel te neem nie.
5. Om lojaal te wees teenoor my afrigter en sy besluite te respekteer en te aanvaar al strook dit nie met my eie siening nie.
6. Te alle tye selfdissipline te openbaar op, en van die baan af;
7. Nie kru taal of skeltaal te gebruik teenoor onderwysers, skeidsregters, opponente, toeskouers, ander spanlede of enige lid van die publiek nie;
8. Op toere en voor wedstryde streng te hou by die voorgeskrewe tye vir slaap, opstaan, ete, oefeninge en aanmeld vir wedstryde;
9. My self te gedra op so 'n manier dat die beeld van Hoërskool Wesvalia, my selfbeeld of selfrespek nie benadeel word nie.
10. Om te alle tye goeie sportmangees te openbaar, op, en van die baan af.
11. Alle skoolreëls van Hoërskool Wesvalia streng na te kom.
12. Om my span en spanmaats bo my eie behoeftes te stel.
13. My van enige optrede sal weerhou wat die eer van my span, spanmaats of my skool sal benadeel - as verteenwoordiger van Hoërskool Wesvalia, of in my persoonlike lewe.

Indien ek die bepalings van hierdie kode verbreek, besef ek dat die betrokke Raad gepaste stappe sal neem.

OUERS:

1. Om my volle ondersteuning te gee tot die mate waartoe ek in staat is.
2. Om so ver moontlik by die formele ouerstrukture betrokke te wees ter ontwikkeling en uitbouing van die betrokke sportsoort.
3. Om deel te wees van die besluitnemingsproses binne die formele strukture daar gestel

en my neer te lê by die demokratiese besluite daar geneem.

4. Ek besef dat my optrede teenoor afrigters, spelers en selfs ander ouers ‘n direkte invloed op my kind se optrede het en dat ek dus te alle tye met die nodige respek na ander betrokkenes sal verwys.
5. Besluite en spankeuses van afrigters te eerbiedig, selfs al stem ek nie daarmee saam nie;
6. Nie voor, tydens of na wedstryde opmerkings teenoor of aangaande spelers, ouers, onderwysers of skeidsregters te maak wat beledigend of persoonlik is nie;
7. Nie ander ouers teen afrigters aan te hits nie, maar enige probleem wat ek mag hê deur die bestaande kanale aan te spreek.
8. Nie ander ouers of toeskouers aan te hits of om opmerkings oor skeidsregters te maak nie;
9. My te weerhou van beledigende opmerkings, kru taal, argumente en rusies teenoor spelers en toeskouers.
10. My te weerhou van enige optrede wat die naam van die span of Wesvalia skade kan aandoen.

Ek besef dat indien ek die bepalings van hierdie kode verbreek, die betrokke Sportraad gepaste stappe teen my mag neem.

AFRIGTERS:

1. Dat ek altyd voorbereid vir oefeninge sal opdaag.
2. Dat my oefeninge en afrigtingfilosofie so gestruktureer sal wees om in te pas by die Sportbeleid en Wesvalia soos wat dit van tyd tot tyd aangepas mag word.
3. Te alle tye ‘n voorbeeld te stel van goeie gedrag sodat ek as ‘n rolmodel vir leerders, ander afrigters en ouers kan dien;
4. Leerders en ouers te alle tye met respek te hanteer;
5. Besluite te neem op so ‘n wyse dat ek dit altyd sal kan motiveer;
6. Alle spelers gelykwaardig te behandel;
7. Spanne objektief op meriete saam te stel;
8. Nie spelers te viktimiseer nie;
9. Oefeninge en wedstryde stiptelik by te woon;
10. Alle hulpbronne en kundigheid te gebruik om die spelers te verseker van die beste moontlike afrigting.
11. Wanneer so versoek word, enige besluit of handelinge met ouers te bespreek;
12. Myself te alle tye te weerhou van die gebruik van kru taal of skeltaal;
13. Dat ek te alle tye behoorlike toesig sal hou oor kinders wat onder my beheer geplaas is.
14. Altyd die belang van die speler, span en Wesvalia bo eie ego of selfbelang sal stel.

Indien ek die bepalings van hierdie kode verbreek, mag die betrokke Sportraad van Wesvalia, op aanbeveling van die Sportkomitee, my tot verantwoording en verduideliking roep en aanvaar ek dat ek selfs gevra kan word om as afrigter terug te staan indien my gedrag dit regverdig.